Donderdag 5 November

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 5:11-21 (AFR1983)

Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 5:14-15 (AFR1983)

## Christus se liefde dryf ons aan

Wanneer ons praat oor iets wat ons "dring", dink ons aan iets wat ons innerlik beweeg, iets wat ons nie kan ignoreer nie. Die liefde van Christus is nie net 'n teologiese waarheid nie; dit is 'n werklikheid wat ons harte aangryp en ons lewens rig.

Dit is presies wat Paulus bedoel wanneer hy skryf: *"Die liefde van Christus dring ons"* (2 Kor. 5:14a). Hy het hierdie liefde op dramatiese wyse leer ken; van 'n vervolger van Christus se kerk tot 'n apostel wat Hom met sy hele wese dien. Wat het die verskil gemaak? Hy het besef: Christus het in sy plek gesterf. Die vloek en toorn wat Paulus verdien het, het Jesus in liefde op Homself geneem.

Hierdie liefde is nie verdien nie, dit is genade. God het self sy Seun as Borg gestuur om in ons plek te sterf, omdat ons self nie die regverdige eis van God kon nakom nie. Christus se offer was volkome genoegsaam vir die versoening van die hele wêreld se sondes, maar dit word net deur geloof ontvang. Daarom moet die evangelie verkondig word; dringend en sonder talm, aan alle mense, met die oproep tot bekering en geloof.

Wanneer Christus se liefde ons hart en verstand tref, dan sien ons onsself, ons lewe, ons drome en planne in 'n nuwe lig. Dan is dit nie meer ons eie belange wat ons dryf nie, maar die liefde wat vir ons aan die kruis bewys is. Ons lewe nie meer vir onsself nie, sê Paulus, maar vir Hom wat vir ons gesterf en opgestaan het.

Hierdie "vir Hom leef" is nie beperk tot Sondae of kerkaktiwiteite nie. Dit beteken dat elke aspek van my en jou lewe: werk, gesin, besluite, geld, tyd, vriendskappe; alles behoort nou aan Christus. Jou hele lewe word 'n lewende dankoffer (Rom. 12:1), omdat jy besef: Ek het nie myself gered nie. Ek is gekoop teen 'n duur prys, die bloed van Jesus.

Daar is geen groter krag in hierdie wêreld as die liefde van Christus nie. Wanneer dit jou hart en lewe in besit neem, kan jy nie anders nie as om anders te leef. Laat sy liefde jou vandag weer nuut dring; nie uit plig nie, maar uit dankbaarheid en verwondering.

*Sing: Skrifberyming 33/2-4:1, 3*

*Ds. P (Pierre) Cilliers (Daniëlskuil/Duineveld)*